

Sing vooraf: Psalm 18:1

- 1- Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte-en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting stterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 119:51 (p. 596)

- 51 HEER, u woord, dit is gelouterd / en bemind deur my, u kneg,
wat, hoewel hy klein, verag is, / nog aan u bevel bly heg.
U geregtigheid bly ewig, / onveranderlik bestaan,
en u waarheid is 'n waarheid / wat nie wankel of vergaan.

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 41:2 (p. 210)

- 2 As hy in krankheid op die siekbed is, / gee God hom lafenis;
sy liggaamswee en alle ongeneug / verander Hy in vreug.
Daarom roep ek: Wil my genadig wees / en my, o HEER, genees!
Want, ag, ek weet die oorsaak van my wee: / ek het teen U oortree!

Skriflesing: 2 Kronieke 33

Teks: 2 Kronieke 33:12; Heidelbergse Kategismus Sondag 33

Maar in sy benoudheid het hy die aangesig van die HERE sy God om genade gesmeek en hom diep verootmoedig voor die aangesig van die God van sy vaders. (2 Kronieke 33:12 AFR1953)

Manasse is een van die persone wat tot bekering gekom het toe sekere lewensomstandighede hom daartoe gedryf het.

Manasse se vader Hiskia was 'n baie mooi gelowige koning wat pragtige geloofshervormings onder die volk tot stand gebring het.

Manasse het dadelik toe hy koning geword het, al hierdie hervormings afgebreek.

- Manasse was eers 'n baie slegte man.
- Hy het so min ordentlike eienskappe gehad dat hy eintlik nooit koning moes gewees het nie.

Kyk na 'n opsomming van al die goddeloosheid wat Manasse bedryf het:

- Hy het die Baäldiens weer in Juda ingestel.
- Hy het ook weer met die hoogtedienste begin.
- Heilige boomstamme is weer opgerig.
- Ons lees in die Bybel dat Manasse die eerste man in die Bybel was wat die son en die maan en al die hemelligame aanbid het.
 - Vandag ken ons dit as die astraalreligie.
 - Ons lees nêrens in die Bybel dat daar tevore so iets in die geskiedenis van Juda gebeur het nie.
- Saam met die aanbidding van die hemelligame is waarsêery en towery beoefen.
- Manasse het selfs sy een seun aan Molog geoffer.
- Uit wat daar in 1 Konings 16:31-33 vertel word van Agab is dit duidelik dat Manasse sy goddeloosheid geëwenaar het.

En dit was nog die minste dat hy in die sondes van Jeróbeam, die seun van Nebat, gewandel het: hy het Isébel, die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs, as vrou geneem, en Baäl gaan dien en voor hom neergebuig, en vir Baäl 'n altaar opgerig in die huis van Baäl wat hy in Samaría gebou het. Ook het Agab die heilige boomstam gemaak, en Agab het nog meer gedoen om die HERE, die God van Israel, te terg as al die konings van Israel, sy voorgangers. (1 Konings 16:31-33 AFR1953)

Die Here gebruik hierdie man se lewe om die grootheid van sy liefde aan ons te openbaar. Daarom laat die Here hierdie slegte Manasse se bekering neerskryf vir die gelowiges wat deur die eeue gaan volg.

- Manasse kom tot bekering en hy verootmoedig hom met waaragtige berou voor die Here.
- Meteens bid hy nie meer vir Molog en die hemelligame nie.
- Hy aanbid net God die Here alleen.
- Dit is bekering. Anders gestel: Dis om werklike berou te hê oor dit wat jy verkeerd gedoen het, en om dan heeltemal daarmee te breek.

Ons kan 'n hele paar dinge sê van bekering tot God. Die eerste is dat bekering by elke mens **noodsaaklik** is.

- Elke mens raak in sy sondes van die Here afvallig.
- Daarom het Johannes die Doper sy prediking begin met die woorde: Bekeer julle! (Matteus 2:3).
- Die Here Jesus Christus preek dit ook:

Bekeer julle want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

Die woorde het 'n refrein geword deur die geskiedenis van die Kerk, want ons lees dat Petrus (Handelinge 2:38) die eerste bekeerdes met presies dieselfde woorde toespreek:

En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. (Handelinge 2:38 AFR1953)

Paulus stel dit omgekeerd in die brief aan die Korintiërs.

- Hy sê dat onregverdiges nie die koninkryk van God sal erf nie.
Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? (1 Korintiërs 6:9 AFR1953)
- Dit beteken tog dat die wat hulle nie bekeer nie, geen toegang het tot God se heiligdom nie.

Bekering is dus nie net 'n eenmalige gebeurtenis nie.

- Bekering begin by 'n eenmalige gebeurtenis soos wat Manasse van sy afgodsdienste afgesien het en tot die Here bekeer is.
 - Ons noem dit vandag wortelbekering.
- Maar verder is dit 'n daaglikse hersiening van jou werke.
 - Ons belydenis noem dit die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.

Dikwels ervaar mense skuldgevoelens as hulle iets verkeerd gedoen het, en dan dink hulle dat terugkeer na die Here toe onmoontlik is. Die waarheid is dit:

- Net soos wat dit vir Manasse moontlik was om tot bekering te kom, is dit vir elke mens moontlik om deur die genade van God tot bekering te kom.
- Al sou jy so ver verdwaal het soos Manasse, kan jy nog steeds deur die Here tot bekering gebring word.
- Die eis is net dat jy soos Manasse met berou op jou knieë voor God moet staan.

Bekering moenie skyn wees nie. Bekering moet werklik wees.

- Bekering moet uitwendig en inwendig wees. Met ander woorde dit moet in jou hart en in jou werke wees.
- Jy moet besef dat 'n onbekeerde mens 'n mens van skande is.
 - Die skande bestaan daarin dat die sondaarmens nie eers die Tien Gebooie kan onderhou nie.

Bekering is om afstand te doen van alles wat sleg is, en lief te hê wat goed is, en die reg te handhaaf (Amos 5:15).

- Daarom moet ware bekering ook jou hele lewe omvat.

Julle moet haat wat sleg is en liefhê wat goed is, en handhaaf die reg in die poort— miskien sal die HERE, die God van die leërskaare, Hom ontferm oor die oorblyfsel van Josef. (Amos 5:15 AFR1953)

Wie van ons is daar wat nie graag so wil lewe nie?

- Ons almal wil, en daarom moet ons van harte probeer om die Here van harte te dien.
- Daarom moet ons op ons knieë gaan en met berou smee vir vergifnis van ons sondes.
- Maar ons moet ook van harte aan God alle lof en aanbidding gee.

Het u al oor Manasse se geskiedenis gedink? Het u al daarvoor gedink dat dit menslik onmoontlik was dat Manasse tot bekering sou kom?

- Menslik was dit onmoontlik, ja, maar by God was dit wel moontlik .
- Daarom is Manasse bekeer.

Ons lewe onder dieselfde genade van God.

- Hy dink altyd deur in sy verbond aan ons.
- Laat ons dan op die Here se genadeverbond antwoord met 'n lewe waarin ons onself uitstrek om hoe langer hoe meer te breek met alles wat kwaad is, en terselfdertyd groei in heiligheid.

Kom ons lees wat ons belydenis te sê het oor bekering in die Heidelbergse Kategismus Sondag 33:

Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord: *Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).*

(a) Rom 6:1, 4-6; Ef4:22-24; Kol 3:5, 6, 8-10; 1 Kor 5:7; 2 Kor 7:10.

Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antwoord: *Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug (a).*

(a) Rom 8:13; Joël 2:13; Hos 6:1.

Vraag 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord: *Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus (a) en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (b).*

(a) Rom 5:1; 14:17; Jes 57:15. (b) Rom 6:10, 11; Gal 2:20.

Vraag 91: Wat is goeie werke?

Antwoord: *Slegs die wat uit 'n ware geloof (a), volgens die Wet van God (b), tot sy eer gedoen word (c), en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie (d).*

(a) Rom 14:23. (b) Lev 18:4; 1 Sam 15:22; Ef 2:10. (c) 1 Kor 10:31. (d) Eseg 20:18, 19; Jes 29:13; Matt 15:7-9.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 73:10, 12 (p. 369)

- 10 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlijkheid.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville

Datum: 13 Julie 2008

Hulpdienspredikant Clanwilliam

Datum: 21 Oktober 2012